


Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



9 April

**Paasdiens: Gesinsnagmaal by huis
Saamgestel deur Annelize**

Voorbereiding vir nagmaalsdiens

Sit op 'n tafel 'n broodrolletjie, skons, soutkoekies of broodblokkies en bekertjies. As julle druiwesap het of rooi koeldrank sal dit gaaf wees as jul dit saam met bekertjies of klein glasies op die tafel neersit. Maar 'n bottel water is ook reg. Die kinders kan hulle eie tafeltjie ook dek. Dalk het julle 'n kruis of kruisie in die huis en dan kan julle dit by die tafel neersit.

Aangesien die boodskap te moeilik vir voorskoolse kinders is om te verstaan kan julle, op ons webwerf een van die kindersnitte wat ek en Christiaan gemaak het, vir hulle speel. Julle kan dan met die kinders die nagmaalsgedeelte doen en as hulle gaan slaap met die res van die gesin die boodskap. Maar elke gesin moet dit by hulle eie omstandighede aanpas.

Boodskap

“Op die kruis het Jesus vir my sonde betaal.”

Dit het jy van kleinsaf geleer.

Dit het jy vir jou kinders geleer.

Dit het jy vir jou kleinkinders geleer.



So baie keer wanneer ons oor die kruis praat sien ons dit uit een perspektief, vanuit ons eie verwysingsraamwerk. Ons sien die kruis as die plek waar Jesus vir ons sondes die prys betaal het en ons vergewe is. En dit is waar. Dit is saam met die Opstanding die hoeksteen van ons geloof en daarsonder sou ons godsdiens waardeloos gewees het. Maar wat ons vanaand gaan doen is om die kruis te verstaan nie net uit die perspektief van ons redding nie, maar vanuit 'n groter universele hoek.

Hoe lyk die kruis vir die engele en vir die wêreld wat nie 'n intimiteit soos ons met die kruis het nie?

Wat beteken die kruis vir die kosmos?

Wat beteken die kruis vir die God self?

Wat sal die kruis vir ons beteken op die nuwe aarde wanneer ons klaar verlose sondaars is?

Skriflesing: Laat iemand in die gesin Openbaring 12 voorlees. Dit handel oor die kosmiese oorlog en lees soos 'n fantasieverhaal met 'n vuurrooi draak, 'n vrou wat op 'n maan staan en oorloë in die hemel.

Die eerste ding wat Johannes in sy visioen op Patmos sien is 'n vrou. Sy is aangetrek met die son en staan op die maan en op haar kop is twaalf sterre. Ons lees in Openbaring 12:1

Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn: daar was 'n vrou met die son as kled om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre.

Die vrou simboliseer die gelowiges (Ou Testament) en hier spesifiek dat hulle die lig in 'n donker wêreld is.

Dan ontmoet ons die bose draak in vers 3 en die draak se identiteit word in vers 9 uitgespel:



Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone.

Want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi.

Die hoofstuk vertel ons dat daar 'n oorlog in die hemel begin het en dat die oorlog op aarde sal eindig. Die draak sal die oorlog teen die vrou se nakomelinge (Christene) veg. Wat beteken dat daar 'n oorlog tussen ons as gelowiges vandag en die Satan is.

In die hemel vertel Lucifer vir die ander engele dat hy beter as God is en beter sal regeer. Hy moes 'n fantastiese redeneringsvermoë gehad het as 'n derde van die engele hom geglo het. Daar breek 'n burgeroorlog uit en die Satan en 'n derde van die hemelwesens word uit die hemel verdryf. En wat gebeur met die twee derdes wat oorbly. Baie van hulle twyfel ook maar. Is ons reg? Is Satan se beskuldigings nie dalk waar nie? Vir milleniums leef hulle met die twyfel. Is daar bietjie waarheid in?

Hulle sien hoe Satan vir Adam en Eva vertel dat God selfsugtig is. God sê hulle mag van al die bome eet behalwe van die een, want die konsekwensie van daardie een is dat 'n mens gaan sterf.

Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."

"Is jy seker dit is wat God vir julle gesê het? God jok vir julle want Hy is selfsugtig en kyk net na Homself."

"Hy gun julle nie om soos Hy te wees nie."

"Hy wil julle onder hou en beheer."

"Hy is onredelik. Hy sê net nee en nee en beperk julle."



“Hy is kwaai en straf julle met die dood as julle dit sou eet.”

“Hy is nie lief vir julle nie. God dink net aan Homself. Hy is nie die held van die storie nie. Hy is die vyand. Ek is die held.”

Dit is weereens ‘n verskriklike aanval en hierdie aanval is nie op Adam en Eva nie maar op die karakter van God. Om te sê dat God wat liefde is, nie vir hulle lief is nie, is verskriklik. God maak nie Satan hier dood nie want die beskuldigings is in die lug en hoe maak jy beskuldigings dood? Nie deur die aanklaer te vernietig nie want dan lyk die beskuldigings waar. Maar God kondig hier Sy oorwinning aan. In Genesis 3 sê God: “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.”

Satan het steeds, sedert hy milleniums gelede saam met sy derde engele uit die hemel gegooi is, beperkte toegang tot God gehad. Ons lees in die boek Job dat daar êrens ‘n byeenkoms met die hemelse wesens was en dan kom Satan in die byeenkoms in. Ons weet nie waar hierdie byeenkoms was nie maar dit was nie op aarde nie.

En God vra hom: “Wat doen jy hier?”

En Satan antwoord: “Ek loop heen en weer op my planeet Aarde.”

God sê: “Jy beskou die planeet as joune maar het jy my diensknege Job gesien? Hy volg nie jou nie. Baie mag jou volg maar nie hy nie. Jy het nie universele beheer oor die planeet nie.”

En Satan antwoord: “Job gee net sy respek vir Jou oor Jou belonings. Vat dit weg en hy sal Jou nie meer volg nie.”

Weereens beskuldig Satan God voor die engele. Mense volg God nie omdat hulle Hom liefhet nie maar omdat Hy vir hulle goeie goed gee en omdat hulle bang is om dit te verloor. En die engele hou dit dop. Is dit so? Is mense bang vir God se straf en is dit waarom hulle hom volg? Soek mense net die mooi goed wat God gee en is hulle bang dit word weggeneem as hulle God nie volg nie?

Julle ken Job se verhaal en weet dat alles is van hom weggeneem en steeds het hy God gedien. Job wys dat Satan se beskuldigings vals is.



Die punt hier is dat Satan steeds beperkte toegang na God gehad het. Hy kon die beskuldiging in die hemelse terrein doen. In Openbaring 12 lees ons dat hy gelowiges dag en nag voor God aangekla het.

Maar toe skryf Johannes in Openbaring 12 daar het iets gebeur wat Satan se beperkte toegang tot die hemel weggeneem het. Hy kon nie meer die gelowiges dag na dag voor God en die engele aankla en beskuldig nie. Hy is permanent uit die hemel gegooi. Ons lees hiervan in Openbaring 12:7-9:

Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, maar hulle is verlaan. In die hemel was daar geen spoor MEER van hulle te vind nie, want die draak ... is uit die hemel gegooi...

In die hemel was daar geen spoor MEER van hulle te vind nie. Die woord MEER impliseer hulle was eers daar en toe nie meer daar nadat hulle uitgegooi is nie. Wat is dit was Johannes hier wil sê? Hy wil sê dat Satan op 'n stadium permanent en finaal uit die hemel gegooi is. Wanneer het dit gebeur? Nie milleniums gelede voor die skeppings nie. Ons het nou net gelees in Job dat hy nog beperkte toegang gehad het. Wat het daarna gebeur?

Die antwoord kry ons in Openbaring 12:10:

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: Nou het ons God redding gebring. Nou is Sy mag en koningskap hier, en die gesag van Sy gesalfde. Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

Dit het NOU gebeur. Wanneer is die NOU? Die antwoord is in vers 11:



Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het.

Met ander woorde. NOU is toe die bloed van die Lam gevloei het met Jesus se kruisiging. Dieselfde sê Jesus in Johannes 12:31-32 net voordat Hy gekruisig is:

Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.

Wanneer is die NOU dat Satan uitgegooi is? Toe Jesus se kruis opgelig is. Wat het by die kruis gebeur om Satan so uit te gooi?

Die kruis het sy ware karakter en planne vir ander blootgestel. Op Golgota sien ons wie die Satan werklik was. Maar meer as dit want wat die kruis is, wys ons wie God werklik is.

Vandat Satan uitgeloop het milleniums gelede het dit vir die 2 derde engele nie gelyk of dit wat Satan sê waar is nie maar dalk sien hy iets raak wat ons nie sien nie. Daar was twyfel. Toe word God Mens...

En vir 33 jaar hou die engele uit die hemel met groot oë en opgehoue asems die prentjie dop van hoe Jesus in Maria se baarmoeder geplaas word en hoe Hy grootword. Hulle sien hoe die oorwinning wat in Genesis 3 aangekondig is begin met Jesus se bediening op aarde.

Sover soos Jesus op die stowwerige Midde-Ooste aarde stap, kom eis hy mense op wat Satan as syne gesien het. Hy dryf duiwels uit, wek dooies op, laat verlamdes loop.

Hy loop tussen die mense en omarm een na die ander en eis hulle op as Syne.

Die engele is angsbevange toe Hy die pad na Golgota stap.



Dit is die grootste risiko wat God kon doen. Om te sterf. Wat sal gebeur?

En toe Satan Jesus neem en Hom op die kruis neerlê en die hamer en spykers neem en dit, deur die soldate se hande, in God inslaan – doef – doef – doef, sien al die engele dat wat God gesê het oor Lucifer al die tyd waar was naamlik dat hy ‘n moordenaar en gewelddenaar is.

En toe die heelal sien hoe Satan God vaspen en doodmaak sê hulle: “Ons wil niks hiermee te doen hê nie. Ons het by die kruis besluit.” By die kruis kry hulle ‘n duidelike prentjie wie Satan is. Satan is die teenoorgestelde van God. God is liefde. Hy is ingestel om ons te red, om ons lief te hê, om ons verhoudings heel te maak, om ons emosies te herstel. Satan is daar om te beskuldig en af te breek en te vernietig en twyfel te saai. En op die kruis sê die engele: “Nee, ons sien waarnatoe hierdie gaan. Ons sien nou wie Satan is – en ons is nie geïnteresseerd nie.”

En toe die kruis teen die koppie opgetrek word kon mens en engele sien: “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.”

Johannes begin vers 21 met DAAROM. Die hemel en almal wat in die hemel is kan bly wees, maar vir die aarde wag daar ellende.

Daarom, hemel en die wat daarin bly, verheug julle.

Hoekom moet die wat in die hemel is hulle verheug? Want Satan kan hulle nie meer lastig val nie. Daar is geen rede meer dat hy toegang tot die hemel het nie. Almal is oortuig van wie hy is. In die hemel glo niemand meer sy beskuldigings nie.

Die enigste planeet wat nog moet besluit of hulle Satan se leuens glo of God kies is die Planeet Aarde. Al die mense kan nie gesamentlik hierdie besluit maak nie. As individue sal ons moet besluit of ons Jesus



of Satan wil kies. In Openbaring 12:11 lees ons dat ons gaan oorwin danksy Jesus se kruisdood . Ons gaan die geveg wen.

Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam ...

Op die kruis triomfeer Jesus oor Satan en sy magte. Daarom dink ons vanaand weer met dankbaarheid aan die kruisiging.

Nagmaal

Ek vra dat die oudste man in die groep opstaan en by die tafel wat julle gedek het gaan staan. Die res kan om hom sit of staan. Lees dan vir julle uit Lukas 22:19:

Toe vat Jesus die brood, sê vir God daarvoor dankie, breek dit in stukke en gee dit vir sy dissipels. "Vat dit en eet," sê Hy. "Dit is my liggaam. Dink elke keer aan My as julle saam hierdie brood breek en eet. Onthou dan dat Ek my lewe vir julle opgeoffer het."

Gee vir elkeen in jou gesin 'n stukkie brood en dan as almal 'n stukkie het, kan julle dit eet. Mamma of Ouma kan by die kleintjies en hulle tafeltjie gaan staan en sê: "Jesus is baie lief vir julle. As jy dit weet, eet nou jou soutkoekie." En dan gee sy vir elkeen 'n soutkoekie.

Die voorganger van die nagmaal neem nou die beker of bottel koeldrank of dit waarop julle besluit het en lees vir die res uit Luk 22: 20:



*Toe almal klaar geëet het, vat Jesus weer die beker wyn en sê:
“Hierdie beker is die teken en die bewys dat God ‘n splinternuwe
ooreenkoms met julle maak. My bloed wat binnekort gaan vloei,
sal al julle sondes wegwas. Dit sal maak dat julle in ‘n nuwe
verhouding met God staan.”*

Gooi nou in elkeen se bekertjie vir hulle die druiwesap of wat ookal. Mamma of Ouma kan vir die kleintjies vra: “Wie is lief vir Jesus?” Hulle kan hul handjies opsteek en dan sê sy: “Drink nou julle koeldrankie en dan sê jy vir Jesus jy is baie lief vir hom.”

Laat iemand in die gesin ‘n gebed doen om dankie te sê vir Jesus se sterwe.

Slotlied: Genade onbeskryflik groot

Julle kan op ons webblad ingaan vir vanaand se diens en saam met ons voorsangers die slotlied sing.

Die jongste man kan die res van die gesin seën:

“Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.”

Dankie dat julle saam met ons hierdie Paasdag gevier het. Ons gesels weer Sondag wanneer ons die Opstandings vier.

Hoop julle kan nou as gesin lekker saam eet.

Liefde

Annelize

